

Skriflesing: Markus 13:24-32Teks: **Markus 13:28**Sing- **Ps. 24:1,2; Ps. 21:7; Ps. 31:15,17**

Mar 13:24 Maar in daardie dae, ná dié verdrukking, sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie,

Mar 13:25 en die sterre van die hemel sal val, en die kragte wat in die hemele is, sal geskud word.

Mar 13:26 En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid.

Mar 13:27 En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel.

Mar 13:28 En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.

Mar 13:29 So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur.

Mar 13:30 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.

Mar 13:31 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.

Mar 13:32 Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.

Skriflesing: Markus 13:24-32Teks: **Markus 13:28**Sing- **Ps. 24:1,2; Ps. 21:7; Ps. 31:15,17**

Ons het net voor Nagmaal daarop gewys dat die Profetiese rede werk met groot dinge wat baie keer ook weer in al hoe kleiner dele en besonderhede opgebreek word. Die teleskoop of die verkyker word ook weer 'n mikroskoop. Dit alles om ons gereed te maak vir wanneer die Here weer gaan kom. Die koms van Jesus Christus gaan nie in isolasie plaasvind nie. Daar gaan geweldige groot dinge en kragte sy koms inlei waarby ons ingelyf gaan word. Ons gedeelte wat ons voor Nagmaal uit Mattheus gelees het en nou ook weer uit Markus, wys hoe die heelal boodskappers van sy koms gaan wees. Die hele skepping raak betrokke, die son, die maan, die sterre, alles word geraak. Dit gaan om die teken van die Seun van die mens...

Ja, dit is in die Ou Testament al die duidelike tekens gewees dat hier gaan iets groot gebeur. Ons het vanoggend reeds na Daniel verwys, Jesus het spesifiek ook Daniel aangehaal, maar dink ook aan Jesaja 13:10 wat al wys op die sterre en sterre liggame wat se glans gaan uitdoof, die son wat donker gaan word, die maan wat sal wees soos 'n afgeskakelde lig. Alles groot dinge. Dit is asof daar binne sekondes 'n totale ineenstorting van die heelal gaan plaasvind.

Dit is alles behalwe soos wat die dissipels gedink het dat die val van Jerusalem dit sal die einde van alles wees. Tog moet ons nie hierdie onmiddellike val van Jerusalem geringskat nie! Jerusalem se val 70 n.C. was iets verskriklik... Flavius Josefus beskryf daardie tyd as 1,1 miljoen Jode dood, 97 000 as krygsgevangenes weggevoer, Jesus se onmiddellike profesie slaan onlosmaaklik op wat omtrent 40 jaar na sy hemelvaart in die onmiddellike omgewing van die tempel, die Olyfberg, daar waar hulle sit, die grote stad voor hulle sou losbreek, alles breek stukkend, ja soos wat die Profetiese rede die Jood telkens aan Jesus se woorde sou herinner- *julle huis word vir julle woens gelaat...*

Dit mag ons nie miskyk nie dat God het met hierdie Joodse volk nog altyd 'n besondere pad om te loop en selfs 'n huis om te vernietig. Hulle wat die Christus, die Seun van God, die Seun van die mens, nie wil erken nie. Hulle wil nie van die salf van die Gesalfde op hulle voel nie, hulle wil nie daarmee genesing ontvang nie, daarom kan ons die seer en die katastrofes van die Tweede Wêreldoorlog waar Jode weereens hard geslaan was, hierdie keer in hulle miljoene nie miskyk nie...Baie erger nog as 70nC.... Ja Adolf Hitler was die werktuig, ons kan nie moipraatjies rondom Hitler maak nie, hoegenaamd nie, maar dis tragies om te weet, steeds luister die Jode nie na die Christus nie. Die gebeure met die Jode deur Hitler, ons sal dit nie van die Profetiese rede kan losmaak nie.

Ja, ook ons toekoms, ons rol, ons roeping in die land, dit wat nog vir ons voorlê kan ook nie van die Profetiese rede losgemaak word nie. Veral nie as ons dalk mag dink maar ons is beter as hierdie Joodse volk, dan moet ons beslis vir onself op die hoede wees. Dit wat Jesus dikwels sê – *wees vir julleself op die hoede...* ja dit is 'n refrein dwarsdeur die Rede dat ons dikwels hoor...pasop...pasop ... pasop. Ons is nou weer amper 70 jaar na wat die vorige wêreldoorlog was, of daar weer nog 'n derde wêreldoorlog in ons tyd gaan kom, dit kan niemand voorspel nie, so min soos wat Jesus se koms voorspel gaan word, maar laat ons tog nie blind wees vir tekens wat duidelik in 'n rigting stuur nie.

Wie na die vyeboom kyk, moet na sy stam kyk, maar moet ook by homself dinge kan agterkom, daar moet iets logies in ons denke wees. As sy stam sag word, is die somer naby. Die somer wat hier van gepraat word, is nie 'n voortsetting van lentebloeisels en sagte geure en mooi groenigheid nie. Née, hierdie somer in die Profetiese rede is 'n verskriklike somer, is 'n swaarkry tyd, dit is hoe die Jode somer sien, hulle met wie die Here hier eerste praat. In Israel is die winter reëntyd, dis 'n mooi tyd, maar die somer in Israel is warm, daardie warm

slopende winde, vernietigende tekens in die natuur as dit die winter nie goed gereën het nie, is dit verskriklik. As die Jood hoor die somer kom dan is dit of hy sy kopdoek oor sy oë wil trek want hier kom weer die swaar van nog 'n somer.

Hierdie gelykenis oor die vyeboom is van die kortste gelykenisse wat die Here ooit vertel het, tog van die gelykenisse met seker van die ingrypendste betekenis. Net een enkele vers wat die dissipels se tekenvraag aanspreek. Die dissipels se tydsvraag wat die Here wel dan uitgebreid geantwoord het, maar op God se manier, dit loop nou oor na die beantwoording van die tekenvraag, ook net weer hoe God dit kan doen. Die vyeboom in Palestina van die bekendste bome, is bladwisselend. In die winter is dit kaal, geen blaartjie nie, die takke is soos kronkelende vingers, wat maklik breek, maar in die lente dan begin daar nuwe lewenssappe diep uit die wortels daardie takke inkom, wat die takke ook weer soepel en sag maak en die boom raak in die somer oortrek met 'n baie digte blarekleed. Onmiskenaar wys die vyeboom op die naderende somer. Ja, ons weet ook die Amandel is van die bome wat na die winter die eerste bloeisels wys, dit waarmee die Here aandui hoe wakker Hy oor sy Woord is (vgl. Jer. 1:11-12). Die Amandel is wel dan 'n wakker boom maar tog gebeur dit by die Amandel dat met tye dan kom die bloeisels te vroeg en daarna kom die ryp en die koue nog weer, dan verloor die Amandel al sy bloeisels. Die vyeboom kom nie sommer dit oor nie. As die vyeboom se takke sag word en die blare begin uitkom dan is daar geen keer nie, die somer kom... Onmiskenaar...onkeerbaar. Deur en deur wys die Here dat die vyeboom is 'n teken van wat kom...

Deur die vyeboom word eintlik 'n voorbetragting gehou om daarna 'n nabetragting te hou. Dit wat ons vooraf betrag is hoe die Profetiese rede tot nou staan. Met die eerste oogopslag in van die eerste tonele wat in hierdie wêreld se einde begin wys, al kan dit duisende jare duur, dit wys hoe die wêreld aan die brand staan. Die misleidinge, die oorloë, die aardbewings, hongersnode, beroeringe, alles dinge wat geboortepyne was en nog steeds is. Die wêreld wat in baie opsigte die vlamme uitlok kan egter nie die Evangelie uitbrand nie. Daarvoor sal God sorg. Vanoggend was dit ons teks dat die Woord sal nooit verbygaan nie. Die Woord wat in elke opsig verkondig moet word, maak nie saak hoe die wêreld lyk en hoe die mense lyk nie, verkondig die Woord tydig en ontydig. Al kos dit al jou lewensmiddele, jou hele lewensbestaan, al kom daar baie swaar- oor ons aan hierdie Woord vashou, al weet jy in jou grootste aanvegtinge en swaarste gevangenskap nie wat om te sê en wat nog van my gaan word nie, dan wil die Here hê ons moet nie vrees nie. Hy sal ons die regte woorde in die

tyd gee wat ons moet spreek. Die Here sal selfs die konteks bemiddel om die Woord net nog weer verder uit te dra (vgl. Mark 13:11).

Die vyeboom met sy stam wat sag die somer aanwys wys spesifiek vir die kerk in hierdie wêreld 'n tweede toedrag. Hier het ons te doen met die gruwels van verwoesting wat spesifiek die kerk gaan raak. Die eerste toedrag het mos gewys hoe dit met die wêreld sal gaan. Die tweede toedrag wys hoe dit met die kerk sal gaan. Nog moeiliker, nog swaarder. Die sagte vyeboom wat op die harde somer begin wys, spesifiek vir die kerk dat die kerk sal moet vlug. Ons moet nie aarsel nie, as jy op jou huis se dak is, moet nie nog vir oulaas gou in die huis wil inhardloop om iets te kry nie... maar vlug. Die ander mag dalk op sy land wees, hy moet vlug, daar is nie nog tyd om om te kyk nie, of om 'n baadjie wat tydens die ploegtyd aan van die bome opgehang was af te haal nie... vlug...vlug na die berge, kruip weg tussen die bosse, kranse, bid dat julle vlug nie in die winter moet wees nie.

Duidelik sou die dissipels besef ons is hierby geen toeskouers nie. Ons gaan baie direk hierdeur geraak word. In die tyd wat dit vir swanger vroue so moeilik sal wees om te beweeg, tog sal hulle ook moet hardloop. Ja, die kerk in hierdie wêreld kom in noutes waar godsdiens en politiek mekaar ontmoet. Die priester en die soldaat wat nie meer langs mekaar kan staan nie. Die Gees van die Woord en die swaard van die vlees kap na mekaar. Hier dink ons aan die verskriklike verontheiliging wat in die tempel plaasgevind het. Waar korrupsie, moord, intriges, massale uitbuiting plaasvind, alles onder die dekmantel van godsdiens. Ons beleef in ons tyd hoe godslasterlik partypolitiek kan word, mense hulleself in terme van godsdiens uitdruk om die party te pas. Die ANC het die verskriklike godslastering begin aanleer, deur hulleself of met die Drie-Eenheid te vergelyk, of vir Mandela as Messias voor te hou, of om te beweer dat aan hulle mag is daar geen einde nie. Hulle sal regeer tot die wederkoms. Alles deel van hierdie tyd wat die Profetiese rede in sy tweede toedrag wys hoe dit met die ware kerk sal gaan, in 'n godslasterlike wêreld waar die verwoesting tussen kerk en politiek groot sal wees.

Die Here wys in hierdie tweede toedrag net nog diepere tonele van die vervolging teen die kerk sal van buite erg wees, van binne kom daar nog swaarder dinge. Die tyd wat 'n mens so op jou hoede moet wees en jy eintlik vir jouself die meeste moet oppas. Hoe maklik ek nie mislei kan word nie, waar die hel in die mensehart skuil. Die Profetiese rede praat van 'n groot verdrukking wat daar sal wees. Die woord verdrukking wat Jesus hier gebruik wys op

wanneer jy in van die grootste krisis kom, soos mense wat ondergronds in die myn werk en skielik word hulle toegeval en hulle sit diep onder die aarde vas. Watter verskriklike vrees en verskrikking kom dan oor 'n mens. Tye wat mense werklik hoop die dae moet korter word en inderdaad voel dit ook so. Die woord vir verkort kan ook letterlik vertaal word dat die dae word ingekrimp, afgekap, vermink, die dae wat nie meer moet word as dit wat ons kan verduur nie. In hierdie tweede toedrag met van sy verskriklikste gebeurtenisse sê die Here ook- Mark 13:19-20: **19** *Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie. 20 En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort.*

Ja, met die stam van die vyeboom sigbaar aan die groen kant, tasbaar word dit sagter, in so 'n tyd het die Here eintlik vir sy kerk net drie opdragte. Vlug, bid en waak. Dit moet ons as gelowiges altyd doen, maar dit moet al meer gebeur hoe erger die tye word. Laat dit ons nabetraging ook aandui- vlug...bid en waak. Ons kan dit nog doen, ons moet dit doen!

Die Profetiese rede met sy wêreld kant, sy kerk kant, het in die vyeboom uitgebot tot 'n derde kant. Die feit dat die Here op pad is, ja ons Here kom. Die wêreld moet dit weet, die kerk moet dit nog duideliker weet, die ware kerk moet die groot boodskapper hiervan wees dat die Here op pad is. Ons het gewys hoe die ligdraers, die planete, hemelligame voor 'n komende Christus gaan skud en dof word en uitval, ja die hemel sal 'n teken dra van die Seun van die mens. Hy wat dan gaan kom. Daarna het ons reeds vanoggend verwys.

Wanneer ons hierdie dinge hoor, baie van die dinge sien ons al rondom ons gebeur, broeder en suster, die vraag is maar nog altyd wat doen dit aan jou. Is ons besig om al minder die Here te verwag, of is ons werklik met die regte dinge besig, besig om al meer op die Here se wederkoms ingestel te wees. Ons moet nie met die tye wil rondspeel en allerhande voorspellings wil maak nie, ons kan dit nie doen nie, maar ons moet tog wel die tekens kan lees. Dit moet ons kan doen! In die logika en verloop van die vyeboom wat vanuit die winter die somer ingaan, so moet ons ook die tekens kan lees, al kan ons nie die tye presies lees nie. Al kan ons nie op God se horlosie kyk nie, moet ons beslis God se horlosie hoor tik!

Al is die wederkoms môre, al is dit eers oor 1000 jaar, 2000 jaar, 10000 jaar, maak nie saak nie, ek moet vandag lewe asof dit reeds môre is, asof die wederkoms reeds hier is. Dit wat

ons verlede week by ons voorbereiding op klem wou lê dat God se môre begin vandag! Dit geld veral nou weer ook ná hierdie Nagmaal.

Ons het vandag Nagmaal kon vier, as kerk het ons dit gedoen, midde-in hierdie wêreld. As ons nou weer hier uitgaan, ons gaan as kerk die wêreld binne, moet ons hierdie boodskap bly uitdra. Sê dit aan hulle wat twyfel, want ondanks al die tekens van die nabyheid van die Here se koms, kom al hoe meer mense al hoe minder kerk-toe, al hoe meer gee hulle oor aan die wêreld, al hoe meer word daar oor die Woord en die waarheid van die Woord getwyfel, ondanks sovele hulpmiddele om die Woord duideliker te maak. Ons wat in hierdie Profetiese rede onself moet posisioneer mag die dinge wat u raaksien, die dinge wees wat u hoop gee. Na hierdie Nagmaal besef ons vir die Here gaan dit daaroor dat ons waaksaam moet wees, gereed moet wees. Daarvoor het die Here verskillende gelykenisse vertel van dinge wat naby ons is om ook te wys hoe naby die wederkoms kan wees.

AMEN